

# Dié TWEE WESENS

## Die Twee Wesens.

Ek begin dadelik met die uitwysing uit die Skrif waar VADER en SY Seun uitgewys word. Dus moet nie met my redetwis nie, twis met die Skrif en kom tot insig.

Ex.12:23 trek YAH (SHA) deur tussen die Egiptenare waar VADER in die hemele is. Ex.33:11 staan dat YAH (SHA) van aangesig tot aangesig met Moses praat, maar in vers :20 staan dat jy nie VADER se aangesig nie mag sien nie. Ex.34: 5 YAH (SHA) het neer gedaal en by Moses kom staan en VADER geloof in vers :6

Ps.2:2 Konings van die aarde... hou raad teen VADER en SY (YAH SY Seun) Gesalfde. Waar vers :7 dit bevestig Ps.22.1 – 23 My VADER waarom het U My verlaat ? Ps.45:3 (YAH / SHA ) U is veel skoner... daarom het VADER U geseën vir ewig en in vers: 8 staan dat VADER die Seun (YAH) olie. Ps.110:1 VADER se vir YAH (SHA) sit aan MY regterhand en belooft Hom in vers: 4 die Priesterskap.

Spr.8:22 VADER het YAH (SHA) berei as eersteling van SY weg.. en in vers :23 staan “Van ewigheid af is YAH (SHA) geformeer, van die begin af, van die voortyd van die aarde af ”.

Ps.30:4 Hoe is SY (VADER) Naam? En hoe is die Naam van SY Seun (YAH/SHA)

Jes.4:2 In dié dag sal die Spruit (YAH/SHA) van VADER.... Jes.42:1 VADER sê: daar is MY Knecht (YAH/SHA) EK het MY Gees op Hom gelê. En in vers :6 bevestig VADER aan SY Seun (YAH/SHA) ‘n Verbond as Lig van die nasies Jes.49:5 VADER formeer YAH (SHA) as SY Knecht en gee Hom opdragte waarvan HY in vers :6 SY Seun ‘n beter ampsnaam gee nl: Dié “Lig”

Jes.50:4 – 11 lees ons van die Seun van VADER Jes.52:13 – 15 sien ons VADER se Knecht YAH (SHA) Jes.53:1 – 12 sien ons YAH (SHA) se lyding vir Sy erfenis wat Hy by VADER ontvang het. Jes.61:1 Die Gees van VADER is op YAH (SHA)

Dan.7:9 lees ons van VADER en in vers :13,14 van SY Seun wat Koningskap ontvang.

Matt.3:17 VADER se stem uit die hemel Matt.11:27 YAHUSHA het ontvang by VADER en maak VADER bekend aan die wat Hy wil. Matt.16:27 YAHUSHA staan gereed en wag op VADER Matt.17:5 VADER se stem uit die wolk Matt.19:17 YAHUSHA vra: ‘waarom noem jy My goed’ en bevestig dat VADER goed is. Matt.27:46 YAHUSHA roep na VADER

Mark.14:36 YAHUSHA vra VADER dat Hy nie die beker van lyding hoef te drink nie. Mark.16:19 YAH (SHA) gaan sit aan die regterhand van VADER Luk.4:18 Die Gees van VADER is op YAHUSHA en Hy ontvang opdragte van VADER Luk.22:70 almal erken YAHUSHA as die Seun van VADER

Luk.24:49 VADER se belofte word deur YAHUSHA SY Seun uitgevoer.

Nou gaan ek net Matthéüs vat tot uitwysing van dié “TWEE WESENS”

Matt 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle VADER wat in die hemele is, loof (*Let op VADER is in die “hemele” waarvan die Seun YAHUSHA op die aarde is*).

Matt 5:45 sodat julle kinders kan word van julle VADER wat in die hemele is; want Hy laat SY son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges (*Let op dat YAHUSHA in of met die tweede WESE praat en weereens ‘hemele’*).

Matt 5:48 Wees julle dan volmaak soos julle VADER in die hemele volmaak is (*YAHUSHA verwys na VADER in die hemele wyl Hy op aarde is*).

Matt 6:1 Pas op dat julle nie jul liefdadigheid voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie; anders het julle geen loon by julle VADER wat in die hemele is nie (*M.a.w. VADER sit met die loon nie die Seun nie*).

Matt 6:4 sodat jou liefdadigheid in die verborgene kan wees; en jou VADER wat in die verborgene sien, Hy sal jou in die openbaar vergelde (*VADER word uitgewys dat HY as die tweede WESE die verborge sien en openbaar*)

Matt 6:6 Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou VADER wat in die verborgene is; en jou VADER wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde (*‘n Opdrag van YAHUSHA dat jy nie met Hom, maar wel tot die VADER moet bid*).

Matt 6:8 Moet dan nie soos hulle word nie, want jul VADER weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra (*YAHUSHA verwys na VADER as ‘n tweede “WESE” in woorde soos “HOM” en “jul VADER”*)

Matt 6:9 Só moet julle dan bid: Onse VADER wat in die hemele is, laat U Naam afgesonder word; (*YAHUSHA praat van VADER as die tweede “WESE”*)

Matt 6:14 Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse VADER julle ook vergewe (*YAHUSHA kon gesê het dat Hy oortredinge vergewe, maar het nie, want dit is VADER se werk*).

Matt 6:15 Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle VADER julle oortredinge ook nie vergewe nie (*Let op ‘julle’ VADER wat verwys word dat dit nie YAHUSHA is nie*)

Matt 6:18 sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou VADER wat in die verborgene is; en jou VADER wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde (*die vers is ‘n herhaling van 6:4 waar VADER uitgewys word as die tweede WESE*)

Matt 6:26 Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse VADER hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? (*YAHUSHA is besig op aarde as “Mens” met menslike beperkinge waarvan VADER die aarde en wesens voed*)

Matt 6:32 Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse VADER weet dat julle al hierdie dinge nodig het (*Weereens die uitwys dat VADER sorg vanaf die hemele*)

Matt 7:11 As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle VADER wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid! (*YAHUSHA praat en beveel ons aan om tot VADER te bid sodat ons kan ontvang*)

Matt 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van My VADER wat in die hemele is (*Hier begin YAHUSHA meer prominent uitwys dat die wat Hom geken het nie daarop moet aandring nie, maar wel die wat Sy VADER erken en SY wil doen wat in die 'hemele' is*)

Matt 10:20 want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Gees van julle VADER wat in julle spreek (*die wat kan hoor en verstaan wat YAHUSHA hier sê nl: "Die Gees van julle VADER" m.a.w. YAHUSHA wat dié "Gees" verteenwoordig van VADER is dié Een wat spreek*)

Matt 10:29 Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle VADER nie (*YAHUSHA was besig om met hulle te spreek waarvan VADER alomteenwoordig was*).

Matt 10:32 Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my VADER wat in die hemele is.

Matt 10:33 Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my VADER wat in die hemele is (*Die wat nie YAHUSHA erken as die Seun van VADER nie, hom sal YAHUSHA ook ontken by die VADER*)

Matt 11:25 In daardie tyd het YAHUSHA gespreek en gesê: Ek loof U, VADER, SKEPPER van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het (*YAHUSHA loof en prys Sy VADER vir dinge wat VADER doen anders moes Hy Homself geprys het*).

Matt 11:26 Ja, VADER, want so was dit U welbehag (*YAHUSHA praat nie met Homself nie, maar met VADER*).

Matt 11:27 Alles is aan My oorgegee deur My VADER, en niemand ken die Seun nie, behalwe die VADER; ook ken niemand die VADER nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar (*Hierdie vers verduidelik baie nl: YAHUSHA ontvang van VADER en erken dat Hy die Seun van VADER is*).

Matt 12:50 Want elkeen wat die wil doen van My VADER wat in die hemele is, dié is My broer en suster en moeder (*Nou kan gevra word: Is VADER jou broer of suster? Sal dit nie eerder YAHUSHA wees nie?*).

Matt 13:43 Dan sal die regverdige skyn soos die son in die koninkryk van hulle VADER. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor (*YAHUSHA sê 'hulle VADER' wat uitwys na 'n tweede WESE*)

Matt 15:13 Maar Hy antwoord en sê: Elke plant wat My hemelse VADER nie geplant het nie, sal ontwortel word (*YAHUSHA wys uit dat Hy 'n hemelse VADER het*)

Matt 16:17 Toe antwoord YAHUSHA en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My VADER wat in die hemele is (*YAHUSHA kon sê: Ek wat hier staan, maar Hy het gesê VADER wat in die 'hemele' is. Dit wat hier plaasgevind het, het onmiddellik plaas gevind, m.a.w. terwyl YAHUSHA met Petrus praat het VADER hom die openbaring gegee, nie YAHUSHA nie*).

Matt 16:27 Want die Seun van die mens staan gereed om met Sy engele in die lofwaardigheid van Sy VADER te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy daade (*YAHUSHA sê: in Sy VADER se lofwaardigheid. Hy sê nie in Sy lofwaardigheid nie, maar in Sy VADER sin*)

Matt 18:10 Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd die aangesig sien van My VADER wat in die hemele is (*Daar is so baie wat sê dat VADER nie gesien kan word nie, maar hier is die bewys dat die engele HOM sien. Dus terwyl die wat rondom YAHUSHA staan, kan Hom sien en na Hom luister, terwyl die engele op daardie selfde oomblik die VADER sien en na HOM luister*)

Matt 18:14 So is dit nie die wil van julle VADER wat in die hemele is, dat een van hierdie kleintjies verlore gaan nie (*YAHUSHA erken dat Sy VADER 'n wil het wat uitgevoer moet word*)

Matt 18:19 Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van My VADER wat in die hemele is (*YAHUSHA sê dus dat die besluit by VADER berus en nie by Hom nie*)

Matt 18:35 So sal ook My hemelse VADER aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie (*Let op "YAHUSHA se hemelse VADER"*)

Matt 20:23 En Hy sê vir hulle: Dis waar, My beker sal julle drink en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word; maar om te sit aan My regter — en aan My linkerhand berus nie by My om te gee nie, maar is vir hulle vir wie dit deur My VADER berei is (*YAHUSHA sê dat die besluit nie Sy besluit is nie, maar wel SY VADER sin*)

Matt 23:9 En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle VADER, Hy wat in die hemele is (*Duidelik wys YAHUSHA VADER uit wat in die hemele is*)

Matt 24:36 Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net My VADER alleen (*YAHUSHA erken in die vers dat Sy VADER alleen weet en dat Hy dit nie eens weet nie*)

Matt 25:34 Dan sal die Koning vir die wat aan Sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van My VADER, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af (*YAHUSHA as dié Koning spreek en noem dat Sy VADER geseëndes het wat die ewige Koninkryk gaan beërwe*).

Matt 26:29 Maar Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van My VADER (*YAHUSHA bevestig dat Hy weer, soos Hy saam met Sy dissipels gedrink het, wyn sal drink in Sy VADER se koninkryk*).

Matt 26:39 En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op Sy aangesig geval en gebid en gesê: My VADER, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil (*YAHUSHA is verskrik en bang, soos 'n mens, en vra aan VADER uitkoms. 'VADER moet besluit en nie YAHUSHA nie'*).

Matt 26:42 Weer het Hy vir die tweede maal gaan bid en gesê: My VADER, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied (*YAHUSHA kom toe agter dat Sy VADER Hom nie antwoord nie en dat Hy moet doen soos VADER Hom beveel het*).

Matt 26:53 Of dink jy dat Ek nie nou My VADER kan bid en Hy vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar sal stel nie? (*YAHUSHA erken dat Hy op daardie stadium nie die mag of outoriteit gehad het om die engele bevel te gee nie, maar wel net Sy VADER*).

Matt 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die VADER en die Seun en die Afgesonderde Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het (*Hier kom die wysheid te pas. YAHUSHA noem in Joh.5:43 dat Hy gekom het in VADER se NAAM, dus beteken dit as iemand gedoop moet word, moet jy YAHUSHA se Naam gebruik, want Sy Naam besit 'n deel van VADER se NAAM. Wie is die Afgesonderde Gees anders as YAHUSHA self; lees gerus Joh.10:36. Tot slotsom: VADER se NAAM, Seun se Naam en Afgesonderde Gees van VADER lê in dié Naam "YAHUSHA" Hand.2:38 bevestig die doop in "YAHUSHA"*)

Matt 1:23 Kyk, die maagd sal swanger word en 'n Seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: Skepper met ons (*Het jy al jousef ingedink dat as VADER dié EEN moet wees wat uit 'n vrou gebore moet word, wat van die heelal wat onder SY heerskappy is? Wat van die 33 jaar op aarde? As HY moes bid, na wie het HY dan gebid?*)

*Kyk na die volgende nl.: Semiramis, Kus {Gam en seun} se vrou, het saam met Nimrod 'n plan beraam om Kus te vermoor sodat sy "as die gees van skepping" {die wit duif} kon intree. Sy het lewe geskenk wat beteken dat sy die 'vader Nimrod' geskep het. Dus was sy eerste, toe die 'vader' en deur die vader het sy die 'seun' geskep).*

Matt 1:25 en hy het haar nie beken totdat sy haar eersgebore Seun gebaar het nie; en hy het Hom YAHUSHA genoem (YAHUSHA was gesien en ontvang waarvan Joh.1:18 bevestig dat VADER nie gesien kon word nie).  
 Matt 2:15 En hy was daar tot die dood van Herodes, sodat die woord vervul sou word wat die VADER gespreek het deur die profeet: Uit Egipte {landstreek van die Nyl} het Ek MY Seun geroep (VADER het SY Seun geroep).

Matt 3:17 En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is MY geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het (Hoe duidelik is dit gestel dat daar 'n stem uit die hemele kom. Wat opgelet moet word is dat dié STEM uit die "hemele" kom en nie uit die 'hemel' nie, want VADER is in die "hemele" en nie in die 'hemel' nie. Die volgende in die vers is "MY geliefde Seun" VADER se geliefde Seun 'YAHUSHA')

Matt 4:3 En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van VADER is, sê dat hierdie klippe brode word (Let mooi op, Ha satan weet hy het met die Seun te doen en nie met die VADER nie, want die twyfelende vraag, "as Jy regtig die Seun van VADER" Ha satan weet YAHUSHA is gebore as mens op aarde en hoe kan YAHUSHA sê dat Hy die seun is van VADER!! Wat maak hom nou ewe skielik dié Seun van VADER. Ha satan was in twyfel daarom swaai hy die twyfel na YAHUSHA).

Matt 4:6 en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie (Hoor jy Ha satan se twyfel en dit is dieselfde twyfel wat tot vandag toe gesaai word. M.a.w. Jy is nie die Seun van VADER nie, indien jy is kan jy mos afspring, want Jou VADER sal Jou behoed).

Matt 8:20 En YAHUSHA sê vir hom: Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy Sy hoof kan neerlê nie (YAHUSHA erken dat HY nie van die wêreld is nie omrede Hy dié Seun van die mens is. Nou wie is die seun? Luk.3:38 word die seun van ons VADER uitgewys as Adam, dus is YAHUSHA die seun van Adam en "Adam" wat 'mens' beteken).

Matt 8:29 En meteens skreeu hulle en sê: Wat het ons met U te doen, YAHUSHA, Seun van VADER? Het U hier gekom om ons voor die tyd te pynig? (Hier is 'n groot getuigenis van die demone; Ha satan het geweet van die Seun en so ook die demone, daarom die uit kenning in vrees vir die Seun van VADER).

Matt 9:2 En hulle het 'n verlamde man wat op 'n bed lê, na Hom gebring. En toe YAHUSHA hulle geloof sien, sê Hy aan die verlamde: Seun, hou goeie moed, jou wetsoortredinge is jou vergewe (YAHUSHA sê nie: *Ek vergewe jou oortredinge nie, maar dat die man se oortredinge deur VADER vergewe word. YAHUSHA het die outoriteit by VADER ontvang om namens HOM te oordeel*).

Matt 9:6 Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde wetsoortredinge te vergewe — toe sê Hy vir die verlamde man: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe ( *YAHUSHA bevestig Sy outoriteit wat Hy by VADER ontvang het*).

Matt 9:27 En toe YAHUSHA daarvandaan verder gaan, het twee blindes Hom gevolg, terwyl hulle uitroep en sê: Wees ons barmhartig, Seun van Dawid! (*David beteken 'geliefde seun' wat korrek is, want die biologiese bloedlyn loop van Adam deur Dawid*).

Matt 17:5 Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helder ligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het. Luister na Hom! (*VADER wys na SY Seun en sê: 'MY geliefde Seun' en beveel ons om na Hom te luister. VADER kon gesê het; luister na MY, maar HY het nie*).

Matt 21:9 En die skare wat voor geloop en die wat gevolg het, het uitgeroep en gesê: Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die VADER! Hosanna in die hoogste hemele! (*Duidelik staan daar in die NAAM van VADER nie as VADER nie!*).

Ek sluit met Matt 11:27. Alles is aan My oorgegee deur My VADER, en niemand ken die Seun nie, behalwe die VADER; ook ken niemand die VADER nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar (*Lees mooi dat 'alles aan YAHUSHA oorgegee was deur VADER' m.a.w. YAHUSHA het ontvang by VADER. YAHUSHA sê ook duidelik dat niemand die VADER of die Seun kan ken as Hy nie dit openbaar nie*).

Deut. 22: 23 – 27; Jes. 1:13; 44:6; 49:7; 52:12; Ps.2:2,7; 22:1-32; 45:3,8; 110:1-7; Spr.8:22,23; 30:4; Jes.4:2; 42:1,6; 49:5,6; 50:4-11; 53:1-12; 61:1; Dan.7:9,13,14,22; Matt. 4:10; 25:40; 28:10; Mark. 1:13; Luk. 1:33; 4:2; Joh.3:35; 5:19-21; 6: 28, 38, 40,44,46; 8:17,28; 10:36; 12:45; 14:1,13,24; 15:15; 16:28; 17:1,4,7,12; Hand. 2:22; 1Pet. 1:21; 2 Pet.1:17; 1 Joh.1:3; 2:22,24; 4:14; 2 Joh.1:3,9 Jud. 1:4; Open.1:1,2; 3:21; 5:7; 7:9,10; 11:15

Bedink dit